SKOLE
ondersteuningsentrum

Mediaverklaring

SOS vereer Afrikaanse skole vir topprestasies

2021/03/05

Die top-Afrikaanse skole in Suid-Afrika is vanoggend vereer vir hulle uitsonderlike prestasies in die 2020-matriekeksamen. Die merietetoekenningsgeleentheid is by die nuwe Sol-Tech kampus in Monumentpark gehou.

Die Hoërskool Waterkloof het in 2020 net 18 meer matrieks as in 2019 gehad, maar die 2020-groep het 298 meer onderskeidings opgelewer – 1 021 teenoor 723 in 2019. Mnr. Chris Denysschen, hoof van dié hoërskool, skryf hul sukses toe aan die samewerking van sy puik personeel, leerders en die ondersteuning van familie. “Die leerders het aan die begin van die jaar gevra: Meneer, hoe kan ons wêreldklas wees? Ons kies toe die tema “grensloos” en ons besluit om te droom.”

Die top 20-skole wat die meeste onderskeidings landwyd behaal is:

1. **Hoërskool Waterkloof**
2. **Hoërskool Menlopark**
3. **Hoërskool Garsfontein**
4. **Afrikaanse Hoër Meisieskool**
5. Westerford High School
6. **Paul Roos Gimnasium**
7. Pietermaritzburg Girls’ High
8. **Hoërskool Zwartkop**
9. **Hoërskool Stellenberg**
10. Rustenburg Girls’ High School
11. **Hoërskool Eldoraigne**
12. Mbilwi Secondary
13. **Hoër Meisieskool Bloemhof**
14. **Afrikaanse Hoër Seunskool**
15. Bishops
16. Durban Girls’ High
17. Westville Girls’ High
18. **Hoërskool Parel Vallei**
19. Pretoria Boys High School
20. **Hoërskool D.F. Malan**

Enkelgeslagskole het weer koningin gekraai, met sewe van die top-20 skole in Suid-Afrika met meeste onderskeidings per kandidaat, wat meisieskole is. Volgens Wilna van Heerden, hoof van die Hoër Meisieskool Bloemhof, is daar drie dinge wat hulle voorberei het vir die uitdagende jaar. “Ons praat nooit oor punte of prestasie nie. Ons fokus is nie prestasie nie, ons fokus is om onsself te verbeter en om te weet wie ons is. Dit tesame met die feit dat ons kinders ’n uiters gesonde werksetiek het en ook daarby selfdissipline, het gemaak dat Covid nie die kinders kon onderkry nie.”

Die top 20-skole met die meeste onderskeidings per kandidaat is:

1. Herschel Girls' School
2. Herzlia High School
3. Phambili Secondary School
4. **Hoër Meisieskool Bloemhof**
5. Rhenish Girls' High School
6. Westerford High School
7. Central Islamic School
8. Bishops
9. Rustenburg Girls' High School
10. Siyabonga School
11. Star College
12. Cannons Creek School
13. **Afrikaanse Hoër Meisieskool**
14. **Hoër Meisieskool La Rochelle**
15. Al Azhar Institute
16. Springfield Convent of the Holy Rosary
17. Rondebosch Boys' High School
18. **Hoër Meisieskool Paarl**
19. **Hoërskool Waterkloof**
20. Constantia Waldorf School

Die top 20-Afrikaanse skole se 5 160 kandidate het altesaam 10 956 onderskeidings in die 2020-eindeksamen behaal. Dis is meer as twee onderskeidings per kandidaat. Hierdie skole se sukses is te danke aan moedertaalonderrig én gebalanseerde kultuuroordrag wat waardes vestig wat leerders lewenslank suksesvol maak.

Medianavrae kan gerig word aan:

SKOLE
ondersteuningsentrum

Sarina Prinsloo
Skakelbeampte
012 612 0234
072 123 1707
sarina@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
skole.co.za